

Vuk'uzenzele



'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

| April 2017 Uitgawe 2

Ravele GEV 'n reusesukses

DIE RAVELE GEMEENSKAPSEIENDOMVERENIGING (GEV) het gemengde sukses behaal met die verbouing van hul grond ná 'n suksesvolle grondeis. Vandag verkoop hulle hul produkte met groot sukses plaaslik sowel as oorsee.



Werknemers by die Ravele GEV was varsgeplukke piesangs by die GEV se pakhuis. Die piesangs sal by plaaslike markte oral in Limpopo verkoop word.

Albert Pule

Toe die Ravele-gemeenskap buite Makhado in Limpopo 'n eis vir hul voorvaderlike grond ingedien het, was die regering bekommerd dat die eis ekonomiese aktiwiteit in die streek sou benadeel. Min het die regering ge-

weet dat die eis langverlore familieledede bymekaar sou bring, werk sou skep, die gemeenskap sou voed en selfs borgskappe aan jong mense van die omgewing sou bied. Die Ravele-gemeenskap in Levubu, 30 km oos van Makhado, is van hul voorvaderlike grond ontnem. In teenstelling met baie ander gemeenskappe regoor die land, het hulle nie toegelaat

dat teëspoed in hul pad staan nie. In 2005 het die regering 16 makadamia-, avokado-, piesang-, patat- en lietsjieplase ter waarde van R42 miljoen in dié subtropiese streek van Limpopo aan die Ravele GEV oorgemaak. Die onderneming het likwidasië oorleef en het sy teëspoed in voorspoed omgesit.

Die GEV het verlede jaar 'n wins van R9,7 miljoen getoon en het sedert 2014 R11 miljoen belê. Hul winsgrense styg steeds. In 2014 het die GEV R3,5 miljoen gemaak en in 2015 het die bedrag tot R5,1 miljoen gestyg.


Bethuel Ravele staan wag by die hek. Dit reën hard en daar is geen teken dat dit binnekort sal ophou nie. Dit het die grootste deel van die afgelope week gereën en die welige, vogtige en vrugbare Levubu-vallei buite Makhado krioel van lewe.

Die gras is groen, mango-bome groei in oorvloed en die piesangplantasies lyk soos 'n groen kombers wat kilometers ver strek. Dit is werklik Afrika se Tuin van Eden.

Die GEV verteenwoordig 324 gesinne met 880 begunstigdes, waarvan die meerderheid in die nabygeleë dorpe woon. Die GEV is in April 2004 gestig, maar die eis is reeds in 1995 ingedien.

Die verhaal van gedwonge verskuiwings wat deur sy groot-grootouers en ouers oortel is, roep hartseer herinneringe op vir Bethuel, die voorsitter van die GEV.

● **Volvolg op bl.2**



New drugs to treat MDR-TB

Page 4



Creating jobs, cleaning the environment

Page 6



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy

We seek to create a united Democratic and non-racial society. We have a vision of South Africa in which black and white shall live and work together as equals in conditions of peace and prosperity. Using the power you derive from the discovery of the truth about racism in South Africa, you will help us to remake our part of the world into a corner of the globe - of which all of humanity can be proud."

- Oliver Tambo speaking at Georgetown University on January 27, 1987.



Image: <http://www.youthvillage.co.za>

Ravele belê wins in onderrig

Albert Pule

Wins uit die verkoop van die Ravele Gemeenskapseindomvereniging (GEV) se produkte word deur die begunstigdes gedeel. Die GEV het ook 'n beursfonds wat 40 studente by verskillende universiteite regoor die land borg.

Hulle volg verskillende studierigtings aan die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van die Wes-Kaap, Nelson Mandela Metropolitaanse University, die Universiteit van Johannesburg, Universiteit van die Vrystaat en die Sefako Makgatho Gesondheidswetenskappe Universiteit teen 'n gesamentlike koste van R410 000 per jaar.

Dakalo Nemauluma is een van die beurshouers. Hy stu-

deer vir 'n meestersgraad in Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad.

Nemauluma, wat in 'n arm huis grootgeword het, sê hy is dankbaar vir die ondersteuning wat hy van die GEV ontvang. "My ouers is albei werkloos en doen net af en toe stukwerk om hul basiese lewenskoste te dek.

"Hulle kan nie bekostig om vir my universiteitsuitgawes te betaal nie en ek hoop om my meestersgraad teen die einde van volgende jaar voltooi, sodat ek hulle kan help om die armoede te verlig wat hulle reeds sedert hul kinderjare ervaar."

Hy gebruik die GEV-borgskap om die koste van vervoer, onderrig, verblyf, kos en boeke te dek. "Die borgskap het my op verskeie maniere baie gehelp in tye toe ek nie genoeg geld vir verblyf, vervoer en onderrig

gehad het nie. Die bydrae wat hierdie befondsing gemaak het, is van onskatbare waarde."

Die GEV borg ook die beste graad 12-leerders uit die gemeenskap, waar die beste leerder R3 000 ontvang. Die leerders wat tweede, derde, vierde en vyfde plekke behaal, ontvang onderskeidelik R2 500, R2 000, R1 500 en R1 000.

"Die doel is om hulle te laat besef dat daar 'n beloning is as jy hard werk en studeer.

Leerders uit hierdie groep word ook gekoos vir borgskappe wat hulle help om by universiteite te gaan studeer."



One of the students supported financially by the Ravele CPA Dakalo Nemauluma is currently studying for his masters degree at University of Cape Town

Die regte bestuurder is noodsaaklik

Albert Pule

Die Ravele Gemeenskapseindomvereniging (GEV) in Levubu, Limpopo, het in 2005, 16 makadama-, avokado-, piesang-, patat- en lietsjieplaster ter waarde van R42 miljoen van die regering ontvang.

'n Agentskap, naamlik die South African Farm Managers (SAFM), bestuur die plase. Die agentskap se rol is om gemeenskappe te leer om grond wat teruggegee is, suksesvol te benut.

In 2007 is Danie Basson as hoofproduksiebeampte van SAFM aangestel.

Bethuel sê die GEV en SAFM het nie saamgestem oor sekere kwessies met betrekking tot die bestuur van die plaas nie.

"Een van die groot probleme is dat hulle nie die produksieproses wat deur die hoofproduksiebeampte ontwerp is, ondersteun het nie."

Die onenigheid het tot die mislukking van die ooreenkoms tussen die Ravele GEV en die bestuursagent gelei.

Ná die ontbinding van die ooreenkoms, het die GEV Basson direk in diens geneem om die vier sake-eenhede te bestuur. Hulle is Appelfontein & Bull, Machikiri & Britz (piesangs), EBW (makadamias, lietsjies en avokado's) en Redbank (makadamias).

Die GEV het 'n sesmaandekontrak met Basson aangegaan en binne dié ses maande het hy wondere op die plaas verrig. "Hy het doeltreffende produksieprosesse ontwikkel, wat die eenhede laat herleef het. Op grond van sy werksaamheid het ons hom 'n vyfjaar-kontrak gegee."

Die GEV verkoop sy produkte aan markte in Pretoria en Johannesburg (lietsjies). Makadamias word na China, die VSA, die Midde-Ooste, Europa en Kanada uitgevoer, terwyl avokado's na Frankryk uitgevoer word.



● Vervolg van bl. 1

"Hulle het vertel dat die destydse regering vir hulle

gesê het dat hierdie grond nie geskik is vir swart mense nie, want dit is vrugbaar en moes bewerk word. Hulle moes

plek maak vir wit mense om op die grond te woon.

"Hulle het ons grootouers in vragmotors gelaai en vir hulle 'n klein stukkie grond baie ver hiervandaan gee, terwyl ander na Nenzhelele geneem is."

Sedert die plase terugbesorg is, het die GEV in vennootskap met 'n besturende agent die gebied in vier sake-eenhede verdeel, waarvan elk deur een persoon, wat toesig hou oor 'n groep plaaswerkers, bestuur

word.

Die vier sake-eenhede het 175 permanente personeel in diens, wat almal uit die gemeenskap kom. Hulle maak ook gebruik van 51 seisoenwerkers.

"Die meerderheid van ons werkers is uit die gemeenskap, want ons wil hê hulle moet deel van die projek wees; dit is hulle grond en ons kan dit nie sonder hul ondersteuning doen nie," sê Bethuel.

South Africa is open for business

TO HELP CUT red tape and make it easier to launch a business in South Africa a one-stop-shop concept is being rolled out.

Noluthando Motswai

Launching InvestSA President Jacob Zuma said South Africa was open to foreign direct investment which is

investors critical to economic growth and job creation.

InvestSA is a one-stop-shop for investors at the Department of Trade and Industry (dti) head office.

"Government is determined

to improve the business environment by lowering the cost ... and improving the ease of doing business."

President Zuma said provincial One Stops would also be launched this year.

"These will be known as InvestSA KZN, InvestSA Gauteng and InvestSA Western Cape and so forth as we roll our new Invest SA brand. Other provinces will open their One Stop Shops over a

period of three years."

Investors get one point of contact

For investors the InvestSA One Stop Shops will be the main point of contact with government. They will help investors to work with the relevant government departments involved in issuing permits and in regulatory, registration, and licensing

● Cont. page 4



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 473 0089 E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production
Tasneem Carrim | tasneem@gcis.gov.za

Managing Editor
Dorris Simpson | dorris@gcis.gov.za

News Editor | Ongezwa Manyathi

Sub-Editor | Irene Naidoo

Writers
Albert Pule
Noluthando Mkhize

Senior Designer | Tendai Gonese

Translators
Nomgqibelo Motha
Boitumelo Phalatse
Phakamani Dadlana

Vuk'uzenzele
is published by Government
Communications (GCIS)

Printed by: paarlcoldset

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Distributed by: ON THE DOT

Nuwe middel om VMW-TB te behandel

VOORUITGANG IN FARMAKOLOGIE beteken dat nuwe middels vir die behandeling van tuberkulose (TB), sowel as middelweerstandige, veelvoudige middelweerstandige en uitgebreide middelweerstandige TB beskikbaar is. Suid-Afrika is die wêreld se grootste gebruiker van 'n nuwe middel, wat bedakilien genoem word.

Noluthando Motswai

Die Delamanid Kliniese-toegangsprogram sal navorsing doen oor nuwe middels vir die behandeling van veelvoudige middelweerstandige tuberkulose (VMW-TB) en die bestuur en genesing van TB in Suid-Afrika.

Die Minister van Gesondheid, dr Aaron Motsoaledi, het onlangs dié program by die Sizwe Hospitaal vir Tropiese Siektes in Gauteng bekend gestel.

Die grootste voordeel van die nuwe middel is dat dit pasiënte die minste hierteen weerstandig is en dat dit baie meer doeltreffend is as ander TB-medisyne.

"Dit word baie beter verdra, veral deur kinders, pasiënte wat ook met MIV besmet is en diabeete: 'n belangrike pasiëntegroep wat gewoonlik moeiliker is om suksesvol te behandel."

Die Europese Medisyne-agentskap het die middel in 2014 goedgekeur vir die behandeling van volwasse pulmonale VMW-TB.



■ Minister of Health Dr Aaron Motsoaledi receiving Delamanid from the Ambassador of Japan Shigeyuki Hiroki. The treatment will be initiated among 400 patients in South Africa.

Dit is sedertdien na ongeveer 45 lande en meer as 2 100 pasiënte versprei.

Minister Motsoaledi het gesê sy departement het goedkeuring van die Medisynebeheerraad verkry om die middel aanvanklik aan tot 400 pasiënte in Gauteng, KwaZulu-Natal, Noordwes en die Wes-Kaap beskikbaar te stel as deel van 'n navorsingsprojek.

TB kan genees word

Dr Motsoaledi het gesê van al die aansteeklike siektes, is TB is die grootste oorsaak van sterftes.

"TB is geneesbaar, veral as dit sensitief is vir middels en vroeg bespeur word. Daar is egter 'n kommerwekkende toename in middelweerstandige TB."

Hy het gesê middelweerstandige TB is aan die toeneem en word ook oorgedra na mense wat nog nooit TB gehad het nie. Dit beteken dat middelweerstandige TB deur primêre infeksie opgedoen word.

"Middelweerstandige TB is nie net moeilik om te behandel met verminderde kans op sukses nie; dit is ook baie duur. Amptenare

in die Nasionale Departement van Gesondheid skat dat, terwyl dit sowat R400 kos om 'n middelsensitiewe TB-pasiënt te behandel, hierdie bedrag 1 000 keer vermenigvuldig vir VMW-TB en 2 000 keer vir uitgebreide middelweerstandige TB."

Suid-Afrika registreer jaarliks sowat 13 000 VMW-TB en 1 000 uitgebreide middelweerstandige (UMW) TB-pasiënte. Dr Motsoaledi het gesê verskeie faktore dra by tot weerstand teen TB-middels, insluitend laat diagnose, gebrekkige nakoming van behandelingsvereistes, swak infeksiebeheer, en bowenal die niebeskikbaarheid van nuwe middels.

Bedakilien werk

"Die mediese reaksie op TB is hoofsaaklik afhanklik van middels wat meer as 50 jaar gelede ontdek is. 'n Nuwe TB-middel, bedakiliene, is eers onlangs ontwikkel. Suid-Afrika het die middel vinnig verkry, en tans is 60 persent van pasiënte wat die middel wêreldwyd gebruik in

Suid-Afrika."

"Voorlopige data toon reeds beter resultate onder die groep pasiënte wat hierdie middel ontvang, met suksesvolle behandeling van 70 persent, in vergelyking met sowat 50 persent onder diegene wat steeds die standaardbehandeling ontvang."

Dr Motsoaledi sê die program is 'n vennootskap tussen die Departement van Gesondheid, Otsuka en Right to Care. Otsuka is 'n Japannese maatskappy wat die middel gratis beskikbaar stel.

Mense wat die meeste deur die TB-pandemie geraak word, is mynwerkers, mynbougemeenskappe en hul gesinne, korrektiewe fasiliteite, afgeleë landelike gebiede, boerderygemeenskappe en hul skole, buite-myngemeenskappe en korrektiewe dienste, asook vroeë leersentrums.

Dr Motsoaledi sê hy hoop die pasiënte by Sizwe en ander hospitale regdeur die land sal by dié program, sowel as die ander inisiatiewe wat deur die regering geïmplementeer word, baat. ■

Business people give Invest SA thumbs up

Noluthando Motswai and Neo Semono

The business community has welcomed the newly launched InvestSA One Stop Shop initiative.

Derrick Huang, managing director of international company Beyond Your Dreams (BYD) South Africa, says the concept of the one stop shop will make their lives as investors a lot easier.

This Chinese firm is primarily an IT and renewable energy company. It is listed on the Hong Kong and New York stock exchanges and has over 200 000 employees internationally.

"Invest SA is so nice. I know how difficult it is to have your visa or work permit extended in South Africa. This one stop shop will make things so much easier. China and South African relations are at an historical high. We are in the G20 and in Brics there are good things going on between the two countries."

Huang said BYD had big plans for

the South African market especially because BYD was into battery power storage, electric motor vehicles and the manufacturing of cell phones and tablets.

"We have done some business in South Africa. ... We are now really making entrance in South Africa. We are very fortunate to come into the market when things are made much easier for us as investors."

Investors do not need to physically visit the dti to access the One Stop Shop. They can also find information online by visiting www.investsa.gov.za.

Launching InvestSA President Jacob Zuma said The One Stop Shop will provide a more coordinated, streamlined and professional service to those who wish to set up a business," President Zuma. ■



■ President Jacob Zuma during a guided tour of the Invest South Africa One Stop Shop.

From page 4

processes.

Officials were instructed to keep the service simple and short.

Key departments such as home affairs, labour, environmental affairs, trade and industry and agencies such as the Companies and Intellectual Property Commission (CIPC), South African Revenue

Service and Eskom amongst others will be available at the One Stop Shops.

President Zuma said: "Business people have outlined the difficulties and hassles they face when wanting to establish new businesses, both local and foreign investors." The President also said the CIPC has rolled out self-service terminals in banks,

local economic development agencies and chambers of commerce offices for company registrations. By June this year self-service terminals will be rolled out to all provinces.

President Zuma said the the One Stop Shop's success will depend on the support of all stakeholders in the three spheres of government. ■